***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

30 Januarie 2014

Dagsê Almal

Ons het ‘n baie geseënde feestyd beleef met verskeie skenkings en bydraes van gemeente lede en instansies wat dit vir my moontlik gemaak het om vir 5 weke vir al die gesinne voldoende kos en geskenke te kon gee. Julle is só baie dat ek nie genoeg skryfplek het om julle by die naam te noem nie. Ek wil net graag BAIE, BAIE DANKIE sê vir almal.

Ons begin die jaar ook op ‘n baie hoë noot want pas het die borduurmasjiene wat terug gekom van ‘n diens met die slegte nuus dat beide ons iewers in die steek kan laat a.g.v. die geweldige lading wat daar op hulle is, toe gebeur dit. Met bestellings van meer as 200 kussings wat gelewer moet word en geleenthede vir meer bestelling staan ek Dinsdag met ‘n beklemming om die hart in die naaldwerkkamer toe Margaret my roep en sê “Ma – hierdie masjien kan nie verder nie”. My verstand begin in 5de rat draai om oplossings te vind. Ek kry nie die man in die hande wat voorheen ons borduurwerk gedoen het nie, die e-posse tussen my en Faith hardloop, ‘n oproep kom deur wat NOG kussings wil bestel en ek word kouer by die oomblik. Ek verwys die dame met die bestelling na Faith toe en sy laat weet haar dat ons graag wil help maar ons krisis is die borduurmasjien wat probleme gee. Skielik kom daar by Faith ‘n e-pos uit wat sê “Ek kan help”. Ansie bly ook sommer hier in my omgewing en het 2 industriële borduurmasjiene wat beskikbaar is om die werk te doen en sy is bereid om ons uit die penarie te help. Ek gaan met ‘n lied in my hart Bybelstudie toe en weet die Here het weereens getrou en op Sy tyd vir ons uitkoms gegee. Ek staan Woensdag op en die besef kom helder deur wat Spreuke 3 vers 5 en 6 werklik beteken, dat ek volkome op Hom moet vertrou in alles en NIE op my eie insig staatmaak nie en ken Hom in alles wat jy doen. So het ek ook bietjie vergeet en is ek dan diep dankbaar vir Sy getrouheid. Ons NOOD is dus ongeveer R50 000 vir die aankoop van ‘n industriële borduurmasjien en ek is vol vertroue dat dit op Sy tyd wel gaan gebeur. Dankie Vader.

Die bouwerk het ook fluks gevorder gedurende die vakansie en ons begin al ‘n gevoel van beweegruimte ervaar. Dankie Martin, Dawid en jul werkers wat hiermee besig is. Ons gaan bietjie teels(40vk/m) benodig vir die buitekombuis wat tans net ‘n sementvloer het. Baie dankie by voorbaat.

Met die skole wat begin het, is daar ook weereens ‘n behoefte aan items:

Dane Adams: R500 vir sy Tegniese stel

Donovan Bouwer: Skoolgeld R850p/m

Bernadine se tande moet getrek word en dan kry sy kunstande @ R2000.

Liezl Doyle t.o.v. ID en lisensiehernuwing @ R600.

So bly ons maar besig met gemeenskapsondersteuning wat ‘n permanente lopende uitgawe is maar dit gee ook aan diegene wat graag ander wil help die geleentheid om uit te reik. Baie dankie

Eljada Huis groete

Annatjie

*****************************************************

Ons het tydens afsluiting omtrent die kaste leeggemaak en begin ons dus met ‘n krisis:

- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, makaroni, spaghetti, koffie, boksmelk, margarien, stroop, grondboontjiebotter, bovril, kookolie, hawermoutpap, mielie meel, wheatbix, koekmeel en eiers.
- Toiletware – toiletpapier, badseep, sjampoe, aanrol, spuitgoed, waspoeier en sunlight seep.

*****************************************************

*Bankbesonderhede*

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**

*****************************************************

***ELJADA HUIS – WENSLYSIE***

**Vir die huis:**

Die bouwerk vorder fluks en ons het met groot dank vandag weer ‘n skenking ontvang vir die plaveistene om rondom die stoor en eetplek af te rond. Dankie Vader ook weereens vir mense wie se harte so oop is. Ons benodig nog tuinstoele, stoele/bankies en tafels (staal) vir ons nuwe buite eetkamer wat byna klaar gebou is, waaiers, alle soorte bottels, appelbokse, skoendose, roomys en margarien bakkies, los kaste en tafels, rekenaars, naaimasjiene, kaste en staalrakke vir die nuwe stoorkamer wat byna klaar is, kaste vir die eetkamer. Vir die stoorkamer het ek groot asseblief rakke nodig. Baie dankie by voorbaat.